Perspective

Investment Management

Belastingvrye Beleggings

'n Eenvoudige-taal Gids

021 418 0686 | **www.perspectiveim.co.za**
Unit 22, Victoria Junction, Prestwich St., Cape Town 8001

‘n Eenvoudige-taal gids tot BELASTINGVRYE BELEGGINGS

Hoe werk dit?

- Gegewe dat u binne die toelaatbare riglyne te werk gaan, hoef u nie enige inkomstebelasting, dividende belasting of belasting op kapitaalwins te betaal op die opbrengste van beleggings in ‘n fonds wat spesifiek kwalifiseer vir en geregistreer is as ‘n belastingvrye beleggings produkte soos ons eie **Perspective Balanced Prescient Fonds** of **Perspective Executive Equity Prescient Fonds** nie.

- U kan **‘n maksimum bydrae maak van R36,000, per direkte familie-lid, per belastingjaar** (jaarlikse limiet). Om duidelik te wees: ouers kan belê namens hul minderjarige kind/ers. Die minderjarige kind/ers is beperk tot hul eie jaarlikse en leeftyd limiete. *Neem asseblief kennis dat enige ongebruikte jaarlikse limiet nie na die volgende belastingjaar oorgedra kan word nie.*

- Daar is ‘n **leeftyd limiet in totale bydraes van R500,000** per direkte familie-lid.

- Wanneer die opbrengs op u belegging bygevoeg word tot die kapitaal wat u bygedra het, mag die saldo in u belegging, beide die jaarlikse en/of leeftyd limiet, oorskry. **Die opbrengs wat herbelê word binne u fonds affekteer nie die jaarlikse en/of leeftyd limiete nie.** *Voorbeeld: Indien u R36,000 belê in ‘n belastingjaar en u ontvang ‘n opbrengs op die belegging van R5,000 wat u besluit om in die fonds te hou, dan sal die totale bedrag in die fonds gelyk wees aan R 41,000. U sal dan in die volgende jaar nogsteeds u volle R36,000 vir daardie jaar kan belê.*

- Indien u die beleggingsopbrengs op u bydraes onttrek en later weer dieselfde bedrag belê, word dit geag ‘n nuwe bydra te wees en het dit ‘n impak op beide u jaarlikse en leeftyd limiete.

- *U mag meer as een belastingvrye beleggings produk gebruik*, maar dit moet gedoen word binne u eie jaarlikse / leeftyd bydrae-limiete.

- Belastingvrye beleggings *mag nie* gebruik word as transaksionele rekeninge nie.

Perspective Investment Management (Pty) Ltd is an authorised financial services provider, **FSP No. 47672** - Registration No. **2015/211710/07**
Directors: Daniel Malan, Mikael Liefferink, John Rainier (Independent Non-Executive Chairman)